MIDSTREAM RIDGE EXCELLENTIA

# RAKER

R — Respek / Respect
A — Authentic / Oorspronklik
K — Kreatief / Creative
K — Kommunikasie / Communication
E — Entoesiasme / Enthusiastic
R — Responsibility / Verantwoordelikheid

> Jy kan nie die verlede verander nie, maar jy kan die hede verwoes deur jou oor die toekoms te bekommer.

## Uit die Hoof se Kantoor

'n Vars, nuwe kwartaal het aangebreek en ons glo en vertrou dat u elkeen 'n welverdiende ruskans kon geniet. Welkom terug en voorspoed vir die nuwe kwartaal.

Ons verwelkom graag vir juffrou Natasha Hollander, wat die leisels by juffrou Teegan Janse van Rensburg, oorneem. Sy is reeds welbekend aan MRP en ons sien daarna uit om haar in ons midde te hê.

Welkom aan juffrou Mariëtte de Bruin wat in juffrou Liandri Bosman se plek aflos tydens haar kraamverlof. Baie geluk met die geboorte van hul seuntjie wat gister sy opwagting gemaak het.

Neem asseblief kennis dat leerders reeds wintersdrag mag begin dra, mits dit die volle wintersuniform is. Drag vir verskeie seisoene mag nie gemeng word nie.

Die amptelike datum waarop leerders na wintersuniform oorskakel, is Dinsdag, 2 Mei 2023.

## INLIGTING

### TRUTH

Indien u gedurende die vakansie van oortollige huisvoorraad, klere, ens., ontslae geraak het en nog steeds besig is om so te doen, versoek ons u vriendelik om dit aan die skool te skenk vir ons verskeie liefdadigheidsaksies.



## LANDLOOP

Die eerste AGN Landloopliga 1 (alle ouderdomme) vind op Saterdag, 22 April 2023 by Laerskool Fleur in Lyttelton, plaas. Volg asseblief die skakel vir meer inligting:

**AGN LANLOOPLIGA 1**




## GRAAD 8-INSKRYWINGS 2024

Graad 8-inskrywings vir 2024 sluit Vrydag, 28 April 2023. Indien u kind by *Midstream College* gaan inskryf, moet u asseblief aanlyn aansoek doen. Besoek asseblief die **Midstream College** webblad vir al die nodige instruksies en die aanlyn toelatingsvorm: https://www.midstreamcollege.co.za/af/toelatings/

Vir enige toelatingsnavrae kontak me Carine Cronje by carinec@midstreamcollege.co.za.

